# Telematiese Skoleprojek



# 2022 VAKWERKBOEK
# Graad 10

## GESKIEDENIS

‘n Gesamentlike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT
forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

## UITSAAI-SESSIES

**GRAAD 10**

**Werk met Bronne**
**09 Maart 2022, 16:00 – 17:00**

**GRAAD 10**

**Eksamen-voorbereiding**
**20 Oktober 2022, 16:00 – 17:00**

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| Geskiedenis | 09 Maart 2022 | 16:00 – 17:00 | Werk met Bronne |
| Geskiedenis | 20 Oktober 2022 | 16:00 – 17:00 | Eksamen-voorbereiding |

**HOE OM HIERDIE GIDS TE GEBRUIK:**

- Twee Onderwerpe is gekies om te hersien en vaardighede te konsolideer om in Geskiedenis as vak te slaag :
  - Die Wêreld in 1600 (Brongebaseerde Vrae)
  - Transformasie in suider-Afrika na 1750 (Opstelvraag)
- Daar is 'n inhoudsuitleg afdeling. Gebruik dit as 'n gids om te verseker dat jy al die relevante afdelings van die werk bemeester het.
- In hierdie aktiwiteite (wat op voorige vraestelle gebaseer is) is daar wenke om jou leiding te gee.
- Skryf aantekeninge, teken diagramme, en belig kernidees!
- Onthou: hierdie gids is saamgestel om jou by te help!

Geskiedenis Kontroletoetse en Eksamens bestaan uit:
Afdeling A: Brongebaseerde Vrade en Afdeling B: Opstelvrae.

## BRONGEBASEERDE VRAE


| AKSIE WERKWOORDE | BETEKENIS |
|---|---|
| **BRONGEBASEERDE VRAE** | |
| Lys, benoem, ... volgens die bron...<br><br>Haal bewyse aan uit die bron.<br>Definieer die konsep ...<br>Wat verstaan jy onder konsep / binne die konteks van... | Die antwoorde is in die bron:<br>– gebruik 'aanhalingstekens...' wanneer jy die antwoord uit die bron aanhaal.<br>Die konsep word in die bron gedefinieer.<br><br>Die konsep soos dit verstaan en gebruik word in die inhoud. |
| Verduidelik in jou eie woorde... | Gebruik die inligting en verduidelik hoe jy dit verstaan.<br>Moenie die inligting in die bron oorskryf nie. |
| Vergelyk ooreenkomste en verskille.<br>Vergelyk hoe die bronne mekaar ondersteun rakende... | Identifiseer die ooreenkomste/verskille tussen twee bronne in reaksie op die vraag.<br>Neem kennis van die puntetoekenning **(2x2)** wat beteken twee ooreenkomste moet gegee word.<br>Jou antwoord moet begin:<br>Bron A dui aan... en Bron B ...) √√<br>Beide bronne dui aan...) √√ **(2 x 2)** |
| Lewer kommentaar op<br><br>Lewer kommentaar op die bruikbaarheid/ betroubaarheid/ beperkings/ vooroordele van die bron betreffende... | Gee jou mening, versterk jou sienswyse deur op 'n logiese wyse relevante inligting te gebruik in die bron en jou eie kennis. **(2 x 2)**<br>Die bron is bruikbaar/ betroubaar/ beperk/ bevooroordeel omdat **...** **(2 x 2)** |
| **SKRYF VAN DIE PARAGRAAF** | |
| Deur gebruik te maak van die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf... | Jy moet die relevante inligting in die bronne identifiseer. Gebruik dan daardie inligting om die vraag te beantwoord. Verwys na die bron waaruit die inligting verkry is. Bv. Volgens Bron 1A ... **(8)** |

## WAT JY BEHOORT TE WEET

| VOOR | TYDENS/GEDURENDE | NA |
|---|---|---|
| Kyk na die 5-minuut videogreep oor die Songhai Ryk.<br>SKANDEER MY | Lees bronne met begrip sodat jy al die Vlak 1 kognitiewe vrae kan beantwoord. | Jy behoort meer selfvertroue te hê as jy Vlak 1 en Vlak 2 kognitiewe vrae beantwoord. |
| Kyk na die 6 -minuut videogreep oor Askia Muhammad.<br>SKANDEER MY | Oefen om inhoudskennis te gebruik as jy die bronne lees. Lees bronne met begrip sodat jy al die Vlak 2 kognitiewe vrae kan beantwoord. | Lees die wenke vir die beantwoording van Vlak 3 vrae om jou begrip te konsolideer. |

## INHOUDSKARTERING

Jy kan addisionele aantekeninge skryf oor die inhoud op hierdie bladsy.



**Konsepte: Definieer die onderstaande terme in die conteks van die Songhai Ryk.**

| Konsept | Definisie |
|---|---|
| **Ryk:** | |
| **Ruiters:** | Wenk: soldate of krygers wat veg terwyl hulle op 'n perd ry. |
| **Bewind/Heerskappy:** | Wenk: die tydperk wat 'n leier op die troon van die ryk is |
| **Goewerneur:** | Wenk: 'n amptenaar wat aangestel is om 'n dorp of streek te regeer (toesig te hou). |
| **Huldeblyk:** | |
| **Goue era:** | |

## BRONNE-ADDENDUM : Hoe was die Songhai-ryk in staat om Afrika te oorheers?

Verwys na die Bronne-Addendum en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**Bron 1A**

Hierdie aangepaste uittreksel is 'n kort biografie van Sonni Ali, die eerste keiser van die Songhai-ryk.

Toe Sonni Ali omstreeks 1464 beheer oor Songhai geneem het, het die koninkryk slegs uit 'n klein gebied rondom sy hoofstad Goa bestaan. Goa was 'n welvarende handelstad. Alhoewel die Songhai-mense daarin geslaag het om van die heerskappy van die Mali-ryk ontslae te raak, het hulle ook gehoop om territoriale voordele agv die val van Mali te kry. Daarna het Sonni Ali Timboektoe verower.

Sonni Ali was bewus van die voordele wat die beheer van plaaslike handel en goedere ingehou het, en hy het hom tot die verowering van die welgestelde handelstad Jenne (nou Djenné) gewend. Sy beleëring van die stad vir sewe jaar het gelei tot die verowering daarvan in 1473. Sonni Ali het die grootste deel van sy regeringstydperk in die veld deurgebring om die aanvalle op sy ryk te weerstaan. Die aanvalle het veral van die Mossi, die Fulani van die Dendi-streek en die Tuareg gekom. Sy besonderse strategiese denke en sy effektiewe gebruik van kavelliers (ruiters) het hom in staat gestel om die slaankrag van die mededingers te uitoorlê.

Min is bekend oor die werklike administrasie van Songhai gedurende Sonni Ali se tyd, behalwe dat hy die verowerde gebiede in provinsies verdeel en betroubare luitenante aangestel het om dit te regeer. Hy is dood toe hy teruggekeer het van 'n veldtog teen Fulani-volke wat wes van Songhai gewoon het.

[Geneem uit: https://www.britannica.com/biography/Sonni-Ali Toegang: 20 Desember 2020]

**Bron 1B**

Hierdie aangepaste uittreksel verduidelik waarom Askia Muhammad noordwes Afrika kon oorheers en dikwels as die grootste leier van die Songhai-ryk beskou word.

Toe Sonni Ali in 1492 sterf, is sy seun en opvolger deur 'n staatsgreep (omverwerping) verwyder. Askia Muhammed neem toe die troon oor. Onder die heerskappy van Askia Muhammed het die Songhai-ryk vinnig uitgebrei. Teen 1500 het die Songhai-ryk meer as 1,4 miljoen vierkante kilometer beslaan: vanaf noord Nigerië tot die huidige Senegal. Destyds was dit die grootste ryk in die geskiedenis van Afrika.

Askia Muhammed het ook beleid ingestel wat handel met Europa en Asië verhoog het; gestandaardiseerde gewigte, maatreëls en valuta is in gebruik geneem; inheemse administrateurs van Songhai is met Arabiese Moslems vervang om die samelewing te ver-Islam en onderwys en geletterdheid aan te moedig. Hy het ook poste geskep vir die bestuur van finansies, landbou, wet, binneland, protokol, water en woude. Die tydperk van die bewind van Muhammed staan bekend as 'n goue era vir Moslem-geleerdheid aan die Sankore Universiteit in Timboektoe. Dit was ook 'n tydperk van kulturele herlewing.

[Geneem uit: https://www.blackpast.org/global-african-history/toure muhammad-c-1442-1538/
Besoek: 20 Desember 2020]

## SESSIE 1 | Hoe was die Songhai-ryk in staat om Afrika te oorheers?

### WERKBLAD

Die Wêreld in 1600

**Verwys na Bron 1A.**

Lees die bron met begrip.

Lees die opskrif / kontekstualisering van die bron- dit verduidelik waaroor die bron gaan.

Hierdie is voorbeelde van vlak 1 kognitiewe vrae. Dit is maklik om te beantwoord omdat die antwoorde uit die bronne aangehaal kan word.

### Vraag 1.1.1

Identifiseer die Afrika-ryk waarvan die Songhai-volk weggebreek het. (1x1) (1)

### Antwoord 1.1.1

----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------

### Vraag 1.1.2

Waarom, volgens die bron, wou Sonni Ali die stad Jenne inneem? (1x2) (2)

### Antwoord 1.1.2

----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------

### Vraag 1.1.3

Noem DRIE mededingende groepe wat die Songhai-ryk tydens Sonni Ali se bewind geteister het. (3x1) (3)

### Antwoord 1.1.3

----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------
----------------------------------

Deur die bronne te bestudeer, sal ons die rol van leiers navors, die militêre mag, beheer van handelsroetes en die waarde van kultuur en kennis in die vestiging van die Songhai-ryk.

## SESSIE 1 | Hoe was die Songhai-ryk in staat om Afrika te oorheers?

### WERKBLAD

Die Wêreld in 1600

**Verwys na Bron 1B.**

Hierdie is voorbeelde van vlak 2 kognitiewe vrae. Dit vereis dat u die inligting in die bron moet interpreteer en verduidelik.

Hierdie is INTERPRETASIE vrae. Dit beteken jy moet die vraag ANALISEER en VERDUIDELIK deur na jou vakkennis te verwys.

### Vraag 1.2.1

Waarom, dink jy, beweer sommige geskiedkundiges dat Askia nie die regmatige erfgenaam van die Songhai-ryk was nie? (1x2)(2)

### Antwoord 1.2.1

-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------

### Vraag 1.2.2

Watter administratiewe veranderinge het Askia Muhammed ingestel wat die Songhai-ryk noordwes Afrika laat oorheers het? (2x2)(4)

### Antwoord 1.2.2

-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------

### Vraag 1.2.3

Verduidelik wat bedoel word met die verwysing na ''n goue era vir Moslem-geleerdheid”. (1x2)(2)

### Antwoord 1.2.3

-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------

# BRONNE-ADDENDUM : Hoe was die Songhai-ryk in staat om Afrika te oorheers?

**Bron 1C**

Hierdie uittreksel van 'n betroubare aanlynwebwerf verduidelik waarom sout waardevol is en wat die aard van die southandel gedurende hierdie tydperk was

Sout uit die Sahara-woestyn was een van die belangrikste handelsware in wes-Afrika waar min afsettings van die minerale gevind kon word. Sout is vervoer met kameelkaravane en per boot met riviere soos die Niger na handelsentrums soos Timboektoe. Daarvandaan is dit suidwaarts vervoer of geruil vir ivoor, huide/velle, koper, yster en graan. Op hierdie manier het die Songhai-ryk 'n belangrike rol gespeel en mag oor die plaaslike handelsroetes uitgeoefen. Die mees algemene ruilhandel was sout vir goudstof wat uit die myne van die suidelike streke gekom het. Sout was inderdaad so kosbaar dat dit letterlik goud werd was.

Daar was altyd 'n groot vraag na sout om vleis beter te preserveer en smaak aan kos te gee. Sout moes uit die noorde kom. Die onherbergsame Sahara-woestyn was die belangrikste natuurlike bron van gesteentesout, gewoonlik verkry uit oppervlakafsettings wat in ou beddings gevind word.

Wanneer presies sout 'n handelsartikel geword het, is onbekend. Kameelkaravane het op grootskaal die Sahara-woestyn oorgesteek. Hierdie karavane is bestuur deur tussengangers tussen die Noord-Afrika state en wes-Afrika. Sout was hul grootste handelsartikel, maar hulle het ook luukse artikels soos glasware, duur lap en vervaardigde goedere saamgebring. Daarbenewens het die Islamitiese godsdiens, idees in kuns en argitektuur en kulturele praktyke saam met hierdie handelsgoedere gekom.

[Geneem uit: https://www.ancient.eu/article/1342/the-salt-trade-of-ancient-west-africa/ Besoek: 20 Desember 2020]

**Bron 1D**

Belangrike boeke is in Timboektoe geskryf en gekopieer, wat die stad as die middelpunt van ‘n Afrika-skryfkultuur gevestig het. Die manuskripte het op ‘n hoë vlak van gekultiveerdheid gewys wat in Wes-Afrikan posgevat het en bewys gelewer van ‘n sterk Afrika literêre tradisie. Hieronder is ‘n voorbeeld van ‘n blad uit so ‘n manuskrip.

Etiese gedrag

Etiese handel en regering is die onderwerp van uitstaande stories in hierdie boek. Die skrywer neem groot sorg om die leser te wys op die belangrikheid van etiese gedrag as ‘n amptelike posisie beklee word.



Abu Ali al-Hasan ibn Ali al-Ahwazi. *al-Fawa'id wa-al-Qala'id* (Useful Stories and Verses). Verso. Loaned by the Mamma Haidara Commemorative Library, Timbuktu, Mali (17)

*Bookmark this item: //www.loc.gov/exhibits/mali/mali-exhibit.html#obj17*

## SESSIE 1 : Hoe was die Songhai-ryk in staat om Afrika te oorheers?

### WERKBLAD

Die Wêreld in 1600

**Verwys na Bron 1C.**

Hier is voorbeelde van Vlak 3 kognitiewe vrae.

Dit vereis dat jy die bewyse analiseer en ontleed om 'n gevolgtrekking te maak.

Ontleed die inhoud van die bron om tot 'n gevolgtrekking te kom oor die bruikbaarheid van die bron vir 'n geskiedkundige.

Ander voorbeelde van vlak 3-vrae sluit die bepaling van betroubaarheid,
die vergelyking van bewyse en vrae rakende die beperkings van 'n bron
in.

**Verwys na Bron 1B en 1D om vraag 1.4 te beantwoord.**

Lees Bron 1B en 1D en soek ooreenkomste.

Samel inligting in uit beide bronne wat ooreenstem.

### Vraag 1.3.1

Verduidelik waarom Bron 1C vir 'n historikus bruikbaar is wat die belangrikheid en aard van die southandel gedurende die tyd van die Songhai-ryk bestudeer. (2x2) (4)

### Antwoord 1.3.1

---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------

### Vraag 1.4.

Vergelyk Bron 1B en Bron 1D. Hoe ondersteun hulle mekaar rakende Timboektoe
as 'n sentrum van Islamitiese onderrig en geletterdheid? (2x2)(4)

### Antwoord 1.4.

---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------
---------------------------------------------

## OORSIG VAN HIERDIE LES:
## Om voor te berei vir brongebaseerde vrae, onthou die volgende:

### Opsomming 01

Ken die inhoud.

### Opsomming 02

Verstaan die storie/verhaal.

### Opsomming 03

Ken die konsepte en terminologie in die konteks van die onderwerp wat jy bestudeer.

### Opsomming 04

Lees die kontekstualisasie van die bron.

### Opsomming 05

Verstaan hoe die vraag gestel word.

### Opsomming 06

Ontleed die vraag.

### Opsomming 07

Gebruik ‘n potlood, pen of “highlighter” om die bron te ontleed.

### Opsomming 08

Verstaan/begryp die inhoud van die bron.



## SESSIE 2 | EKSAMENVOORBEREIDINGSWENKE OOR BRONNE

### Wenk 01

Jy sal 'n vraestel en addendum kry.
Lees eers die addendum.
Bronne: sluit in teks en visuele bronne op die kernvraag gebaseer.

### Wenk 02

Dis raadsaam om elke bron deur te werk alvorens jy poog om enige vrae te beantwoord. Neem kennis van die konteks – "Die onderstaande bron" (sê waaroor die bron handel).

### Wenk 03

Lees en ontleed die vrae voordat jy poog om die vrae te beantwoord.

### Wenk 04

Antwoorde moet kort en bondig wees en gelei word deur die puntetoekenning.

### Wenk 05

Die sleutelvraag sal ook die paragraaf-vraag wees. Skryf kort aantekeninge langs elke bron –dit sal help met die beantwoording van die paragraaf-vraag.

### Wenk 06

Monitor jou tyd– een uur per vraag.
Moenie 'n onderwerp / vraag aanpak wat jy hoegenaamd nie voorberei het nie!
Maak gebruik van jou 10 minute leestyd.

Geskiedenis Kontroletoetse en Eksamens beslaan:
Afdeling A: Bron-gebaseerde vrae en Afdeling B: Opstelvrae.

## SESSIE 2 | TRANSFORMASIE IN SUIDER- AFRIKA NA 1750
## WAT JY BEHOORT TE WEET

| VOOR | TYDENS | NA |
|---|---|---|
| WEET HOE OPSTELVRAE GESTEL WORD.<br><br>Die algemeenste sort is…<br><br>**Stem jy saam met die gegewe stelling?**<br><br>‘n Stelling sal gegee word. Kandidate sal ‘n standpunt moet inneem (kies ‘n uitgangspunt vir die argument) | Oefen om ‘n inleiding te skryf.<br><br>Verstaan hoe om ‘n argument te ontwikkel deur gebruik te maak van die PVVS (Punt Verduideliking Voorbeeld Skakel) metode | Pas toe wat jy geleer het deur die hele opstel te skryf. |





## INHOUDSKARTERING

Jy kan addisionele aantekeninge skryf oor die inhoud op hierdie bladsy.



**TERMINOLOGIE: Definieer die onderstaande terme in die konteks van suider-Afrika se geskiedenis.**

| Term | Definisie |
|---|---|
| **Diplomasie:** | |
| **Mafisa:** | • Moshoeshoe het beeste aan uitgehongerde/arm mense geleen Moshoeshoe het uitgewekenes gehelp deur Mafisa |
| **Trekboere:** | |
| **Boere:** | **Wenk:** Waarom verskil die terme trekboer en Boer? |
| **Tribuut:** | |
| **Nasiebouer:** | |

## SESSIE 2 | OPSTELSKRYF

Beplan en skryf 'n oorspronklike argument gebaseer op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretatiewe vaardighede.

**TRANSFORMASIE IN SUIDER- AFRIKA NA 1750:**
**DIE OPKOMS VAN DIE SOTHO-RYK ONDER KONING MOSHESH**.

'Moshesh word beskryf as 'n nasiebouer en 'n diplomaat in die opbou van die Sotho-ryk.'

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou antwoord met relevante voorbeelde. [50]

**METODE**

**VOORDAT JY BEGIN**

- Onderstreep al die vraagwoorde bv., "Stem jy saam?"
- Onderstreep SLEUTELWOORDE wat uitstaan en jou lei in die skryf van jou opstel bv., "nasiebouer", "diplomaat", "Sotho-ryk"

- Skryf 'n kort skets van dit wat in jou opstel gedek gaan word bv.,
- Inleiding
- Moshesh se diplomasie
- Mafisa
- Verhouding met Trekboere
- Boere en Moshesh
- Moshesh se verhoudinge met sy bure

## WERKBLAD

TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA

**Teken 'n Breinkaart.**

Gebruik die kort skets van dit wat jy in jou opstel gaan sê (vorige bladsy en inhoudskaart) om 'n Breinkaart te ontwikkel wat jy as studieaantekeninge kan gebruik.

## SESSIE 2 | TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA NA 1750?

### WERKBLAD

TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA

**Skryf 'n inleiding.**

- Neem standpunt in (Kies kant)
- Gee 'n rede vir jou standpunt
- Maak 'n opsomming van dit wat jy in jou opstel gaan dek.

Hierdie is INTERPRETSIE-vrae. Dit beteken jy moet die vraag ONTLEED en VERDUIDELIK deur na jou vakkennis te verwys.

**Skryf die liggaam**

- In ierdie afdeling stel jy jou standpunt en staaf dit.
- Kies bewyse uit jou aantekeninge wat jy kan gebruik om jou standpunt te staaf in die opstel.
- Onthou om te verseker dat jou paragrawe met die SLEUTELWOORDE uit die vraag skakel bv., "nasiebouer" en "diplomasie" of "bou die Sotho-ryk"

### Vraag

'Moshesh word beskryf as 'n nasiebouer en diplomat met die bou van die Sotho-ryk.'

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou antwoord met relevante voorbeelde. [50]

### Inleiding

-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------
-----------------------------------------------

### Skryf 'n liggaam

--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------
--------------------------------------------------------------------------------

## WERKBLAD

TRANSFORMASIE IN SUIDER-AFRIKA

**PVVS Metode**

WENK: Bou 'n argument deur van PVVS gebruik te maak

- Punt: Maak 'n belangrike punt.
- Verduideliking: Verduidelik in meer besonderhede waaroor die hoofpunt gaan.
- Voorbeeld: Beantwoord die vraag deur inhoud te kies wat gebruik kan word om jou punt te staaf en verduidelik.

- Skakel: Maak seker dat die argument deurgaans gehandhaaf word en samehangend geskryf word.

**Skryf van 'n slot**

- In hierdie paragraaf moet jy die argument opsom wat gehandhaaf en ontwikkel is in die liggaam van die opstel.

Gaan hier voort met die skryf van jou opstel. Jy sal dalk aanvullende blaaie benodig.

## Slot

# OPSOMMING VAN VANDAG SE LES :
**As jy 'n opstel skryf, onthou die volgende:**

## Opsomming 01

VOOR JY BEGIN
Onderstreep al die vraagwoorde bv., "Stem jy saam?"
Onderstreep SLEUTELWOORDE wat uitstaan en jou lei met die skryf van die opstel bv., "nasiebouer", "diplomaat", "Sotho-ryk"

Skryf 'n kort skets van dit wat jy in jou opstel gaan dek/bespreek.

## Opsomming 02

SKRYF 'N INLEIDING
Neem standpunt in (Kies kant)
Gee 'n rede waarom jy daardie standpunt inneem
Som op wat jy in die opstel gaan dek/bespreek

## Opsomming 03

SKRYF 'N LIGGAAM

- Lê jou argument voor en staaf dit.
- Kies bewyse uit jou aantekeninge wat jy kan gebruik om jou antwoord te staaf.
- Skakel die paragrawe met die SLEUTELWOORDE uit die vraag.

## Opsomming 04

Ontwikkel 'n argument deur PVVS te gebruik.
Punt; Verduideliking; Voorbeeld; Skakel

## Opsomming 05

Die slotparagraaf behoort die argument op te som wat deurgaans in jou opstel-liggaam gebruik word.